

14 Augustus

Matteus 13:18-23

(Teks: Dordtse Leerreëls 2:7)

Ons geloof in God se genadewerk

Ons benadruk dikwels eensydig in die gelykenis van die saaier die mense by wie die woord nie vrug dra nie. Daar waar die saad op die pad en so voorts val. Dan vergeet ons dat daar nieteenstaande die afbrekende werk van Satan, tog diegene is by wie die saad op goeie grond val en soms honderdvoudig vrug dra. Ons bid dikwels voor die erediens: Gee dat u Woord nie leeg na U sal terugkeer nie, terwyl Jesaja 55:11 sê dat die woord *nooit* onverrigtersake na God sal terugkeer nie.

Al is daar baie mense wat nie wil glo nie, gee God aan baie die geloof en deur die dood van Christus bevryding van sondes en redding van die verderf, uit genade. Hierdie genade is van ewigheid af in Christus aan hulle gegee sonder dat God dit aan enigiemand verskuldig is.

Dank die Here dat die werk van Christus geen mislukking is nie. Dit sou wel so gewees het as die geloof en die saligheid van onsself afgehang het. Maar: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur die geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God." Ef. 2:8. Uit genade beteken, sonder verdienste, maar ook baie werklik en duidelik: daar is 'n oes.

Sing Psalm 71:14

Ds. J. Venter (Brakpan)